

Sing vooraf: Psalm 86:2 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 10 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltenskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 1 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
0 Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die Heer vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Ons antwoord op die wet van die Here met Ps. 40:4 (p. 205).

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Skriflesing: Lukas 4

Teks: Lukas 4:25-27

Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elía toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land, en na nie een van hulle is Elía gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na 'n weduwee. En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van Elísa, die profeet, en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Naäman, die Síriër. (Lukas 4:25-27 AFR1953)

Kerkmense ly dikwels aan 'n waan van wysheid en hoogheid.

- Dan is dit 'n waan waarin ons die grootheid van God misken, waarin ons die voorreg van aan God behoort tot 'n reg verander.
- Ons dink dat ons geregtig is op al God se genade en wonderwerke net omdat ons aan die kerk behoort. En dit is nie hoe die saak staan nie.

Dan lei dit tot die blindheid dat ons nie die wonders en genade sien wat God wel aan ons doen nie.

- Dan lei dit weer verder tot opstandigheid omdat ons ongelukkig raak omdat God nie dinge doen soos wat ons dit gedoen wil hê nie.
- Nou het ons in die geskiedenis van Jesus Christus ook sulke voorbeelde van kerklike ontevredenheid.

Jesus is een sabbat in Nasaret. Dis sy grootworddorp.

- Hy gaan saam met sy mense kerk toe.
- Hy preek ook by dié geleentheid vir hulle.
- Hy lees eers 'n gedeelte voor uit die profeet Jesaja – hoofstuk 61:1, 2.

Al die mense in die kerk hou van die gedeelte wat geles is. Hulle betuig ook instemming met die preek.

- Hulle is selfs verwonderd oor die woorde wat Hy kwytraak! Hulle lewer ook almal vir Hom getuienis.
- Dis waarskynlik mense wat dan opgestaan het en vertel het watter wonderwerke Jesus in die verlede al gedoen het.

Wat hulle verbasing nou nog groter maak, is die feit dat hulle almal Jesus onthou, want hulle sê vir mekaar:

- Is Hy dan nie die Seun van Josef nie? Maar daarmee saam onthou hulle ook alles wat hulle van Hom gehoor het.
- Hulle het gehoor hoeveel wonders en dade Hy in Kapernaüm gedoen het.
- Toe begin die eise! Doen al daardie wonders in u vaderstad ook!

Hier is iets verkeerd met die innerlike gesindheid van hierdie groepie gelowiges wat voor Jesus sit.

- Hulle is jaloers en veeleisend.
- Waarom kan Kapernaüm wonders en tekens sien, en ons nie?

Dan preek Jesus vir hulle oor die raad van God wat anders is as dié van mense.

- Hierdie mense het gedink dat hulle 'n reg het op Christus omdat Hy eintlik een van hulle is.
- Hulle wou dus aanspraak maak op dit wat hulle gedink het hulle verdien.
- Dan sê Jesus baie helder dat die kerkvolk niks besonders verdien nie. Hulle moet slegs dankbaar wees vir dit wat hulle uit genade ontvang.

Net soos wat die Here Jesus doen, deur in Kapernaüm wonders te doen en nie in Nasaret nie, net so het die Here in die ou tyd by 'n paar geleenthede gedoen.

- Die volk waar die werklike begeerte na God ontbreek, word verbygegaan!
- Die Here het Elia by al die weduwees van Israel verbygestuur na die weduwee van Sarfat toe.
- Dis tussen die heidene in!

Kom ons kyk net gou weer na die preek wat die Here Jesus hier in die sinagoge lewer.

- Die Gees van die Here is op Hom om die evangelie aan die armes te bring.
- Hy is gestuur om dié wat verbrysel van hart is te genees.

- Hy moet aan die gevangenes vrylating verkondig, en aan die blindes dat hulle weer sal sien.
- Dié wat gebroke is, moet Hy in vryheid wegstuur.
- Hy moet 'n aangename jaar van die Here verkondig.

Hoor u, geliefdes? Dit gaan oor 'n bepaalde gesindheid wat Kapernaüm verskillend maak van Nasaret.

- Kapernaüm het werklik gesmag na hulp.
- Hulle het hulle siekes gebring, en hulle wou die verlossing sien en hoor. Dit was werklik 'n sielsbehoefte – 'n saak van erns.

In Nasaret was dit anders.

- Hulle het nie behoefte gehad om die genade verkondig te hoor nie, en daar was ook nie liggaamlike behoefte aan genesing nie.
- Hulle gesindheid was dat hulle reg het op die wonders wat Jesus doen.
 - Hulle het dus van Hom verwag om soos 'n towenaar 'n klompie kunsies vir hulle te doen, sonder dat dit ten diepste oor hulle saligheid gegaan het.

Geen mens in die kerk kan eise stel nie, want almal is behoeftig.

- Maar nou gebeur dit dat sekeres nie hulle behoeftes besef nie.
- Hulle gaan van die standpunt uit dat hulle bepaalde regte het – soos die mense van Nasaret.

Dan vertel Jesus van Elia.

- Daar was baie weduwees in Israel – almal van hulle het honger gely.
- Maar dit het juis nie gereën nie omdat – saam met die res van die volk – hulle gesindheid teenoor God nie reg was nie.
- Hulle het geen ware behoefte aan God gehad nie. Hulle was aanbidders van Baäl, onder aanvuring van die koning en sy huis.

En omdat die behoefte aan God ontbreek, stuur God Elia na 'n weduwee onder die heidene. Hy moet by een in Sarfat gaan woon, en deur die genade van God sal sy versorg word.

Dieselfde geld die melaatses.

- Daar was baie Jode wat melaats was – maar die behoefte om God te smee vir genesing het by hulle ontbreek.
- Daarom word Naäman genees. Hy is 'n heiden – 'n Siriër.

Naäman het so 'n groot behoefte aan hierdie genadedaad dat hy van sy land af ry na die profeet van die Here toe.

- Aanvanklik is hy kleingelowig, of selfs ongelowig.
- Uiteindelik gehoorsaam hy tog die opdrag van God en word genees, en daarmee saam ook bekeer, want hy onderneem om nie weer vir Rimmon te bid nie.

Geliefdes, waarom wil u vandag Nagmaal vier? Waarom behoort u aan die kerk? Waarom het ons aan die begin van die erediens ons geloof bely?

Is dit 'n werklike diepe behoefte, of omdat ons dalk soos die mense van Nasaret voel dat dit ons 'n bepaalde reg gee op die genade en tekens van God?

Die mense van Nasaret was dadelik geweldig woedend.

- Hulle kon dit nie hanteer dat die tweede deel van die preek toe nie meer gegaan het oor wat in Jesaja geskryf is nie, maar oor hulleself.
- Geen mens hou daarvan om die waarheid van homself te hoor nie.

Julle het my nie nodig nie, want julle het nie werklik 'n begeerte na die genade van God nie. Dit sê die Here Jesus vir hulle.

- Julle wil in die kerk sirkus kyk – julle wil wonders sien, nie om te glo nie, maar omdat julle dink julle het reg daarop.

Die mense van Nasaret neem Jesus daar uit en probeer Hom by 'n afgrond afgooi.

- Dan doen God 'n wonder!
- Die Here Jesus stap doodeenvoudig tussen hierdie verwoede skares deur.
- Deur die mag van God word hulle tot onmag gedwing.

Deur die mag van God word hulle oordeel in die wonder geopenbaar. Hulle sal magteloos staan teen God, want Hy het mag oor hulle almal tesame.

Doen God nie sulke wonders ook onder ons nie?

- Waarom word sommiges verhard en ander aangemoedig en tot bekering beweeg?
- Omdat God daarin sy oordeel en genade openbaar.
- Dis presies ook wat Hy deur die prediking vir ons sê.
 - Hy doen wonders by dié wat behoefte het daaraan.
 - Hy doen wonders van verlossing en van oordeel.

Wanneer die Woord van God jou dus aanspreek oor jou sondes, geliefde, dan help dit nie om jou vir die kerk te vererg nie.

- Bekeer jou.
- Want jy is juis een van die heidene aan wie die genade van verlossing bewys is omdat die uitverkore volk Jesus verwerp het.

Die Jode kruisig die Here Jesus Christus omdat hulle Hom verwerp.

- Maar daardeur word daar juis vir ons genade gebore, want die Here Jesus gee die opdrag om dissipels te gaan maak van alle nasies, en hulle te doop en te leer.
- Hulle word uitgestuur na almal wat dors na verlossing – en so kom ons ook in aanmerking, en word ons verlos.

Die Nagmaal is die teken hiervan.

- Die Nagmaal is vir dié wat die behoefte het daaraan om geestelik genees te word.
- Die Nagmaal is vir dié wat behoefte het om gemeenskap met die Here Jesus Christus te hê.
- Die Nagmaal is vir dié wat behoefte het daaraan dat die liggaam en bloed van Christus hulle sigbaar van die verlossing moet verseker.

Kom dan na die Nagmaal met die gesindheid van een wat behoefte het daaraan.

Amen.

Gebed

Psalm 31:17 (p. 147)

17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Formulier

Psalm 23:2, 3 (p. 107)

2 En is ek soos 'n skaap in doodsgevre, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,

en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotgebed

Skrifberyming 14-2:1 (nuut)

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 Mei 2009 Nagmaal